# SAHARA AVONTUUR REEKS

## 29. Stille Dood oor die Sahara



MEIRING FOUCHE

# STILLE DOOD OOR DIE SAHARA

*deur*

**MEIRING FOUCHE**

en

proeflees en redigering deur
**PIETER HAASBROEK**

*Gepubliseer deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2025

# STILLE DOOD OOR DIE SAHARA

Die voorblad illustrasie vir die Sahara Avontuur Reeks is deur AI-sagteware gegenereer, wat die narratief verryk. Hierdie boek word vir die eerste keer in Afrikaans in e-boek formaat vrygestel.

Die kopiereg vir hierdie storie is voorbehou en mag nie in geheel of gedeeltelik herdruk of versprei word sonder die uitgewer se skriftelike toestemming nie. Herdrukking sluit enige elektroniese of meganiese vorm in, soos e-boeke, fotokopiëring, skryf, opname op band, of enige ander manier om inligting te stoor of toegang daartoe te verkry. Alle karakters en gebeurtenisse in hierdie storie is suiwer fiktief en het geen verbintenis met enige lewende of oorlede individue nie.

STILLE DOOD OOR DIE SAHARA
deur Meiring Fouche

Gepubliseer deur:
Skatkis Boeke - Publiseerders, Strand Mews, Strand 7140
Suid Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2025)
Aanlyn Stoor: https://panther-ebooks.com
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

Die verhaal begin in Dini Salam, ’n garnisoensdorp van die Franse Vreemdelegioen in die Sahara. Teuns Stegmann, ’n Suid-Afrikaner, en sy Duitse vriend, Fritz Mundt, sien ’n ongewone vliegtuig land. Kort daarna word Teuns na kolonel Le Clerq se kantoor ontbied. Hy word beveel om binne twee uur saam met kolonel La Crosse na Algiers te vlieg. Die rede vir die skielike opdrag is onbekend, selfs vir Le Clerq en sy tweede in bevel, kaptein D’Arlan. Dit skep vir Teuns ’n atmosfeer van misterie en afwagting.

Teuns word na Algiers geneem en aan generaal Du Bois, hoof van die Geheime Diens, voorgestel. Hy ondergaan intensiewe opleiding in Arabiese dialekte, kultuur, en gevegskuns. Die doel is om hom voor te berei vir ’n uiters gevaarlike solo-sending om ’n geheimsinnige Arabiese wapen te ontbloot. Teuns se planne sluit onder meer in die infiltrasie van ’n Arabiese konferensie, waar hy die aard van die vreesaanjaende wapen ontdek, ’n biologiese virus wat dodelike gevolge kan hê vir die Vreemdelegioen.

Sy intense opleiding en uitsonderlike vernuf stel hom in staat om deur te dring na die stad Doetra in die Atlas gebegtes. In Doetra moet hy die reuse loodregte kranse trotseer deur daar met ’n tou af te daal. Dan moet hy die wetenskaplike professor bereik om sy notaboek en geheime formule in die hande te kry en die professor doodmaak. Net die geringste foutjie aan sy kant sal die einde van sy sending beteken en kos dit al Teuns se kennis, vaardighede en vasberadenheid om nie op te gee voor hy sy doel bereik het nie. Sal Teuns dit regkry om al die gevare te trotseer en slaag in sy doelwit of sal hy gevange geneem word voor hy daarin kan slaag?

## UITTREKSEL

Hy hang ŉ rukkie so aan die kort koord.

Toe neem hy die lang koord beet en swaai dit van onder af met ŉ heftige beweging van sy hand sodat ŉ kinkel teen die kranse ophardloop tot bo waar die koord vas is.

Met ŉ sagte ritseling ruk die boonste oog van die lang koord agter die rotspunt uit waarom Teuns dit gehaak het, en ŉ oomblik lyk dit soos ŉ wit slang wat deur die nag kronkel.

Die boonste stuk koord kom stort hier by Teuns verby en hy lag hardop.

Maar wat hy nie weet nie, is dat een van sy agtervolgers juis op daardie oomblik toe die kinkel bo uit die krans uitvlieg, op daardie plek afgekom het.

Hy ruk sy perd tot stilstand. Hy skreeu op sy maats wat ŉ entjie van hom af is en binne oomblikke daarna stort die eerste fakkel teen die kranse af.

Teuns word yskoud daar waar hy hang.

Die fakkel stort omtrent ŉ voet van hom af verby en toe hoor hy die oorwinningskreet van die Arabiere wat daar bo op die kranse lê en afkyk en sien wat hier gaande is.

Eers het hulle hul makker geterg en gesê dat hy gesigte sien en drome droom, maar noudat hulle daar lê en afkyk, sien hulle dat die verhaal wat hy vertel het, nie so fantasties is as wat hulle hul verbeel het nie.

Want daar onder teen die loodregte kranse hang ŉ man.

En terwyl hulle na hom staar, is die klompie Arabiere taamlik seker dat hulle die man gevind het na wie hulle soek.

ŉ Man wat nog net in die verbeelding van die Arabiere bestaan het, want hulle was nie eens seker dat iemand uit daardie vliegtuig gespring het nie.

# 29. STILLE DOOD OOR DIE SAHARA

## Hoofstuk 1

### PERFEKTE SOLDAAT

Dit is baie selde dat ŉ vliegtuig by Dini Salam, die suidelike garnisoensdorp van die Franse Vreemdelegioen in die Sahara-woestyn, gesien word.

Dit is daarom dat die manne op hierdie oggend, kort na hul eerste driloefening van die dag, soos rooimiere uit die slaapsale borrel en die borswerings op swerm om te gaan luister wat se dreuning dit dan nou is. Die meeste van hulle se bolywe is kaal, want hulle was net aan die was na die inspannende driloefening waaraan sersant Catroux hulle onderwerp het. Hulle was net besig om die beswete bolywe, nekke en die gesigte en die hande af te spoel toe hulle die dreuning die eerste maal hoor.

Net toe hulle op die borswering uitkom, sien hulle die kleinerige vliegtuig uit die rigting van Algiers aangesweef kom, ŉ wye draai om die dorp maak en dan agter die plat geboutjies van die Arabiese deel van die dorp gaan neerstryk in ŉ walm van sand en stof.

“Nou toe nou,” sê Fritz Mundt, die groot Duitser van die garnisoen, vir Teuns Stegmann, die Suid-Afrikaner wat ook in die garnisoen dien, hier op die borswering waar hulle langs mekaar staan. “ŉ Vliegtuig! Dalk bring dit ŉ boodskapper om te kom sê dat alle vyandigheid tussen die Franse Vreemdelegioen en die Arabiere nou afgelas is. Dalk is ons loopbaan op ŉ einde, Stegmann,” sê Fritz wat sy oë nou maak teen die harde glinstering van die Sahara-son.

“Ja,” sê Teuns gemoedelik,” of miskien bring dit vir ons ŉ paar kiste regte Duitse bier, ou Grote.”

Fritz kyk verwytend na sy makker wat hom altyd terg met Duitse bier, iets wat hy in jare nog nooit gesien het nie.

Maar hulle al twee weet dat daar iets spesiaals aan die gang is. Dit is ŉ vinnige, kleinerige vliegtuig wat hulle sien neerstryk het. Een van hierdie viersitplek-modelle wat lyk soos ŉ groot naaldekoker.

Nadat die vliegtuig uit die gesig verdwyn het, steur hulle hulle nie verder daaraan nie. Hulle draai om en stap die borswering af na die slaapsaal om ŉ bietjie op die rug te gaan lê, want hulle voel tam na die intensiewe oefening wat hulle so pas deurgemaak het.

In die slaapsaal babbel die manne opgewonde oor die koms van die vliegtuig.

"Julle kar, maar julle stewels poets, kêrels," sê Petacci, een van die klein groepie intieme maats waaraan Teuns Stegmann en Fritz Mundt ook behoort. "Ek dink dit is die inspekteur-generaal van die Franse Vreemdelegioen wat kom kyk of ons nog kan bors uitstoot, of ons nog kan salueer en of ons nog flink kan marsjeer."

"Nooit anders nie," sê Jack Ritchie wat op sy harde katel sit en sy stewels uittrek.

"As dit die inspekteur-generaal was," sê Podolski, die groot Pool, "sou ons daarvan ŉ snuf in die neus gehad het. Dan sou hulle ons al ŉ paar dae gelede aangesê het om ons stewels te poets en om ons gewere netjies skoon te maak en om ons ore te was."

So gis die kêrels onderwyl die bevelvoerder van die garnisoen, kolonel Le Clerq, en sy tweede in bevel, kaptein D'Arlan, met die enigste jeep van die garnisoen by die vestingpoort uitjaag om te gaan kyk wie en wat hierdie onverwagte vliegtuig gebring het. Selfs die twee offisiere is onseker oor die skielike koms van die vliegtuig. Hulle het daar geen kennis van gehad nie en hulle het nie die vaagste benul van wat die doel daarvan is nie.

Net soos nuuskierige kinders drom die manne by die groot tralievensters saam toe die jeep van die lughawe af terugkeer. Dit kom hou hier naby hulle kwartiere stil en tot hul verbasing sien hulle dat ŉ

hoë offisier van die Franse Vreemdelegioen flink uit die jeep spring.

"'n Kolonel," sê Teuns vir Fritz.

"'n Kolonel, sowaar!" antwoord Fritz opgewonde. "Dit moet iets beteken. Dit is nie om dowe neute dat Algiers 'n kolonel met 'n spesiale vliegtuig na Dini Salam sal stuur nie."

"Ja, ek dink die poppe gaan vandag dans," sê Teuns. "Ek wens ek weet wat daar agter sit."

Le Clerq, D'Arlan en die nuwe aankomeling stap flink in die rigting van Le Clerq se kantoor. En toe gis die manne nog erger oor wat daar nou gaande is. Dit gebeur nie aldag dat 'n hoë offisier van die legioen sommer met 'n spesiale vliegtuig hier kom neerstryk nie.

Skaars tien minute gaan verby nadat die kolonel van die jeep afgeklim het, of D'Arlan maak sy verskyning in die deur van die slaapsaal. D'Arlan lyk fris en koel, kalm en doeltreffend soos altyd. Sy wakker oë neem die slaapsaal op en toe klink sy helder, deurdringende stem deur die stilte.

"*Legionnaire* Stegmann!" roep kaptein D'Arlan uit. Teuns Stegmann, die lang, breedgeskouerde Suid-Afrikaner van die Franse Vreemdelegioen, spring op aandag hoewel hy op daardie oomblik sonder stewels is en feitlik net 'n broek aan het.

"*Oui, mon Capitaine*," sê Teuns flink.

"*Legionnaire*," sê D'Arlan, "sal jy asseblief binne vyf minute in die kantoor van kolonel Le Clerq verskyn!" Daarmee draai D'Arlan in sy spore om, swaai sy offisierstaf onder sy arm in en stap flink die slaapsaal uit.

Die manne kom in 'n tros hier om Teuns. Hulle klouter oor beddens en val oor stoele wat op die vloer staan. Teuns kyk vraend na hulle, net soos hulle vraend na hom kyk.

"En nou?" vra Fritz Mundt, "en wat wil hulle nou met *legionnaire*

Stegmann maak?"

"Dalk wil hulle hom 'n generaal maak," spot Petacci.

Die lang blonde Suid-Afrikaner glimlag net vir al die bog wat daar gepraat word. "Of dalk wil hulle hom in die huwelik bevestig met die dogter van die een of ander Arabiese opperhoof," meen Podolski.

"Of straks wil hulle hom uit die Legioen ontslaan," waag Jack Ritchie dit. So babbel hulle deurmekaar, maar so onder die gebabbel deur help hulle vir Teuns oor die weg om gou-gou sy volle mondering aangetrek te kry, want hoewel D'Arlan geen bevel daaroor gegee het nie, weet hulle instinktief dat Teuns in hierdie geval in sy volle mondering voor die hoë aankomeling sal moet verskyn.

Een gee sy stewel aan en 'n ander gee sy hemp aan, nog een bring sy kepie nader en in 'n ommesientjie het Teuns sy volle mondering aan en stap hy met lang hale, gevolg deur die nuuskierige aanblikke van sy makkers, die slaapsaal uit en haas hom na die kantoor van kolonel Le Clerq.

Daar is 'n brandende opgewondenheid in die Suid-Afrikaner. Sy blou oë is nou en sy hart klop vinniger. Vandat hy by die Franse Vreemdelegioen aangesluit het om sy broer te probeer vind wat verlore geraak het in die Tweede Wêreldoorlog, het Teuns al vreemde ondervindinge deurgemaak in die Sahara. Maar hier waar hy nou met sy klappende stewels oor die plaveisel stap na die gang wat hom na Le Clerq se kantoor sal lei, het hy die indruk dat hierdie miskien die begin is van die vreemdste en opwindendste ondervinding wat hy nog ooit in die Sahara beleef het.

Die ordonnans kondig Teuns se aankoms aan. Die deur word vir hom oopgemaak en hy stap vinnig binne. Hy salueer flink en klap sy hakke teenmekaar toe hy voor Le Clerq, die vreemde kolonel en D'Arlan verskyn.

"*Legionnaire* Stegmann," sê kolonel Le Clerq, "hierdie is Kolonel La

Crosse van die hoofkwartier van die Franse Vreemdelegioen in Algiers." Le Clerq se stem is kort, saaklik en afgemeet.

Weer salueer Teuns flink en kolonel La Crosse salueer terug.

Toe praat Le Clerq weer. "*Legionnaire* Stegmann," sê hy, "jy kry twee uur om jouself gereed te maak om saam met kolonel La Crosse na Algiers te vlieg."

Teuns moet sy nuuskierigheid bedwing om nie van Le Clerq na La Crosse te kyk nie. La Crosse sê nie ŉ enkele woord nie. Hy staan net daar met sy hande agter sy rug, ŉ beeld van militêre presiesheid en perfektheid en hy maak sy mond nie oop nie. Hy staar net opsommend na die lang man wat hier voor hom verskyn het.

"*Oui, mon Colonel*," sê Teuns vir Le Clerq.

"Dit sal al wees, *Legionnaire*," sê Le Clerq en die lang man salueer, draai op sy hakke om en stap die kantoor van kolonel Le Clerq vinnig uit.

Hierdie is vir hom een van die onverstaanbaarste dinge wat hy nog ooit teengekom het. Hierdie is die vreemdste onderhoud wat hy nog ooit met enige offisier gevoer het. Al wat aan hom gesê word, is dat hy hom moet gereed maak om binne twee uur met ŉ vreemde kolonel na Algiers te vlieg. Sou hy dan iets gedoen het waaroor hulle hom wil tug? Maar dit is tog onmoontlik. As hy iets gedoen het waaroor hy getug moet word, dan sou Le Clerq hom hier in die garnisoenvesting van Dini Salam tug. Wat hom die vreemdste val, is dat Le Clerq of D'Arlan feitlik nooit ŉ man ŉ bevel gee sonder dat hulle darem minstens ŉ aanduiding gee oor wat die rede daarvoor is of wat die doel daarvoor is nie.

Maar nie vandag nie. Al wat aan hom gesê word, is dat hy inderhaas na Algiers moet vlieg.

Onmiddellik nadat hy uitgestap het, word die deur agter hom toegeswaai en kolonel La Crosse, die kort donkerige man met die perfekte militêre houding en die perfekte militêre mentaliteit, draai hom

tot Le Clerq. "*Mon Colonel*," sê hy vir Le Clerq, "dink jy hierdie is jou geskikste man?"

"Een van die allerbeste in die garnisoen," sê Le Clerq. "'n Beter man kan ek u nie gee nie." Le Clerq is net so nuuskierig soos Teuns. Ook hy weet niks. Hy het nie die vaagste benul van wat die doel met Teuns Stegmann is nie. La Crosse het eenvoudig binnegekom en sy eise kalm, bedaard, kortaf en duidelik gestel. Hy wil 'n legioenman hê, sterk van konstitusie, dapper, ondernemend, met 'n redelike kennis van die Arabiese dialekte en met 'n wye, intensiewe kennis van omstandighede in die Sahara. Maar veral wil hy 'n man hê wat inisiatief aan die dag kan lê in die gevaarlikste en mees buitegewone omstandighede.

Hy wil nie bloot 'n soldaat hê nie, hy wil 'n man hê wat kan aanpas in gevaar. Wat planne kan maak. Wat ondernemingsgees het. En bowe-al 'n man wat nie 'n bang haar op sy kop het nie.

"Ja, hy is u man, Kolonel," sê D'Arlan. "Hy is die perfekte soldaat. Hy is die enigste man in Dini Salam waaraan ek kan dink, wat aan al die eise voldoen wat u gestel het."

"Uitstekend," sê La Crosse. "Uitstekend. Hy lyk vir my intelligent. Hy is sterk van liggaam en ek kan sien dat hy sterk van gees ook is. Dit is die klas kêrel wat ons wil hê, *mes amis*."

La Crosse word daarvan bewus hoe dat Le Clerq en D'Arlan al twee belangstellend en nuuskierig na hom kyk.

"Dit spyt my," sê hy, "dat ek nie kan bekendmaak wat die bedoeling van die opperbevel met hierdie soldaat is nie. Dit is 'n militêre geheim van die hoogste orde. Ek het net een bevel en dit is om 'n dusdanige soldaat hier te kom haal. 'n Man met praktiese ondervinding van die Sahara en 'n man wat in die Sahara al veel deurgemaak het. Bowe-al 'n man wat die Arabier van binne uit ken." Hy glimlag goedig vir Le Clerq en D'Arlan en toe sê hy. "Ek is bevrees, *mes amis*, julle sal maar jul nuuskierigheid moet bedwing totdat die sending waarvoor *legionnaire* Stegmann bedoel is, suksesvol afgehandel is. Dan sal die hele ding aan

u geopenbaar word. Maar tot tyd en wyl dit gebeur, sal ek verplig wees om u in die duister te hou.”

Teuns kom ŉ bietjie uitasem in die slaapsaal terug en hy beur tussen die manne deur wat om hom saamdrom om te hoor wat wat is.

“Ek weet niks, kêrels,” sê Teuns, “ek het net bevel gekry om my binne twee uur gereed te maak om saam met ene kolonel La Crosse na Algiers te vlieg.”

Dit is vir die manne genoeg. Hulle spring aan die werk. Fritz Mundt gryp Teuns se ekstra uniform broek en haas hom na die strykplek om dit netjies te gaan stryk. Petacci gryp sy uniformbaadjie en borsel dit af dat die stof so staan. Jack Ritchie gryp Teuns se stewels en begin hulle poets. Die een doen dit en die ander doen dat. Teuns self haas hom na die badplek, skeer sy gesig skoon en was hom van kop tot tone.

Toe hy terugkom, pak hy sy nodige goedjies in en binne ŉ uur is hy in sy uniform uitgevat en hy lyk soos ŉ nuwe sikspens. Die manne behandel hom soos ŉ bruidegom. Die een verskik hier iets en die een verskik daar iets. Hy lyk asof jy hom deur ŉ ring kan trek. Hy het sy ekstra kepie op sy kop en die blink eintlik so wit is dit. Sy gesig is blink en gladgeskeer, sy naels is skoongemaak. Sy stewels skitter en sy uniformbaadjie is netjies skoon geborsel deur Petacci.

Fritz gaan sy goed weer deur om te sien of hy alles ingepak het.

D’Arlan kom eindelik weer te voorskyn om Teuns aan te sê dat hy moet kom. Hy groet sy makkers vinnig met die hand en toe stap hy uit.

ŉ Kwartier daarna drom die manne weer op die borswering saam en aanskou hoe dat die vliegtuig in ŉ dik stofwolk anderkant die Arabiese gehuggies opstyg. Toe klim dit hoog en blink deur die Sahara-son en sy neus staan reguit in die rigting van Algiers.

Met ŉ vreemde gewaarwording in hom kyk Teuns Stegmann af na die bekende gesig van hierdie hittige, stinkende ou plek, Dini Salam. Met ŉ gevoel van weemoed sien hy die manne op die borswering staan. Sien